IMPACT Health Solutions
12 van der Merwe Street
Strand, 7140
Cell: 083 691 4045
www.impactsolutions.co.za
Email: wimpie@impactsolutions.co.za

Water kan lees

Ek het ‘n eksperiment gedoen om te bewys dat water kan lees, hoor, positiewe en negatiewe intensies kan bespeur en dan dienooreenkomstig reageer. Die eksperimente deur die Russe en Japanese op hierdie gebied is bekend. Julle mag bekend wees met die werk van Masaru Emoto wat musiek vir water speel en dan by -5 grade C onder ‘n elektronmikroskoop fotografeer. Die bevindinge is verstommend.

Die kristalstrukture wat heavy metal weerspieël is struktuurloos, terwyl die van klassieke musiek geordende strukture het. Dieselfde is met water gedoen waaroor woorde uitgespreek is: woorde met ‘n negatiewe konnotasie se kristalle was struktuurloos en die van positiewe woorde was georden.

Verdere studies is gedoen om uit te vind of water kan lees en die intensies van die geskrewe teks kan optel en as sodanig kan aandui. Hulle het positiewe en negatiewe woorde op plakkers geskryf en op bottels geplak. Binne in word gekookte rys en water geplaas. Die bottels met die positiewe woorde het geen verandering getoon nie. Die rys het wit en die water helder gebly, terwyl die rys in die bottel met negatiewe woorde oor tyd gevrot en die water verkleur het.

Vir die sukses en betroubaarheid van die uitslag van ‘n eksperiment behoort die resultate herhaalbaar te wees. Ek het besluit om die laasgenoemde eksperiment te herhaal, maar met ‘n ‘twist in the tail’. Ek het twee bottels geneem en half gevul met gekookte rys wat van dieselfde kooksel kom. Die bottels het ek met gesuiwerde water gevul, wat deur die proses van tru-osmose van enige bakterieë gesuiwer was en my twee plakkers opgeplak. Die een het gehad JESUS en die ander SATAN. Ek het hulle buite sig van mekaar geplaas. Ek het dit daagliks dopgehou en oor tyd het ek baie interessante bevindinge gemaak.

Na 10 maande was die bottel met JESUS op onveranderd. Die rys was spierwit en die water helder. Die bottel met SATAN op het na ‘n week verandering begin toon. Die rys het begin vrot en na 10 maande so gevrot dat dit soos een massiewe sampioen in die bottel gedryf het.

Die gevolgtrekking is dat water reageer op positiewe en negatiewe intensies, gesproke en geskrewe. Beskou dit soos ‘n bandopnemer of ‘n film. Dit weerspieël dit waaraan dit blootsgestel word. Jy sou kon vra hoekom hierdie inligting belangrik of enigsins relevant is? Ons brein bestaan uit ongeveer 85% en ons liggame omtrent uit twee derdes water. Dit wat ons hoor en lees het ‘n effek op die water in ons (waaruit ons bestaan). Neem as voorbeeld, sekere musiek maak jou ‘moerig’, ander opgewonde en bly, ander melankolies, ens. As die struktuur van water verander, na dit aan musiek of klank blootgestel was, aanvaar dat daardie struktuurverandering ‘n willekeurige effek op jou liggaam en gemoedstoestand het.

IMPACT SOLUTIONS

Dit beklemtoon ook die mag van die gesproke woord oor jouself en andere. Die water in jou liggaam neem die intensies op en jou liggaam en emosies reageer dienooreenkomstig. Op grond hiervan praat en wil ek gesondheid, krag, fiksheid en genesing in my liggaam in. Wat jy lees het dieselfde effek. Wanneer ek water drink, vou ek my hand om die glas en gee die water ‘n doel in my liggaam, om selfs ‘mission impossible’ te doen.

‘n Praktiese bewys van die krag van intensies wat in water vasgevang word, is een waarvan die Russe praat. Tydens die Koue Oorlog, in ‘n vergadering van militêre leiers, waar strategieë vir chemiese en biologiese oorlogvoering bespreek is, het sommige na die vergadering siek begin word en hulle simptome was presies die van persone wat aan ‘n biologiese aanval blootgestel was. Daar was niks in die vergadersaal, behalwe kraffies water nie. Die wat van die water gedrink het, het die simptome getoon. Die slotsom was dat die water die intensies van die vergadering opgetel het en die wat dit gedrink het, vergiftig.

Vandat ek hierdie eienskappe van water ontdek het, is ek baie meer attent daarop dat ek beheer oor die gesondheid van my en andere om my se emosies en liggame het, positief of negatief, deur die gesproke woord. Of: water is slimmer as wat ons dink!

Soos iemand gesê het, ons het nie ‘n gesondheidsprobleem nie, maar ‘n wysheidsprobleem.

Begin van die eksperiment

Na ‘n week is daar groeisels in die SATAN bottel

Na 10 maande